NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
MEI 2024

GESKIEDENIS: VRAESTEL II

BRONMATERIAALBOEKIE
VIR AFDELING B EN AFDELING C

IEB Copyright © 2024

BRON A

Hierdie is 'n uittreksel wat die effek in die VSA beskryf van 'n aanval in 1968 op Amerikaanse magte en die dorpe wat hulle tydens die Viëtnam-oorlog beskerm het. Die aanval was bekend as die Tet-offensief. Hierdie artikel is in 2023 deur Katie Lang vir die Amerikaanse Departement van Verdediging geskryf.

… Die Tet-offensief het vroeg in April 1968 geëindig as 'n militêre nederlaag vir die kommuniste … Terselfdertyd was dit egter 'n groot verlies vir die Amerikaanse saak. Die skokkende beelde wat uit Viëtnam gekom het, het die gruwels van die oorlog duidelik getoon, en baie mense was geskok deur die vyand se veerkragtigheid*. Tet het dit duidelik gemaak dat 'n Amerikaanse oorwinning in Viëtnam nie op hande was* nie, en die Amerikaanse publiek se steun het begin afneem … **(Paragraaf 1)**

Na Tet het Amerikaanse generaals … versoek dat die meer as 500 000 troepe wat reeds in Viëtnam was, vermeerder moes word, … maar president Lyndon B. Johnson en ander leiers, wat kennis geneem het van die groeiende anti-oorlog sentiment tuis, het verkies om die teenoorgestelde te doen. Troepebeperkings is aangekondig, en bomaanvalle is gestaak. De-eskalasie het begin … **(Paragraaf 2)**

[Aangepas en aanlyn beskikbaar: <https://www.defense.gov/News/Feature-Stories/story/Article/3291950/highlighting-history-how-tet-began-the-end-of-vietnam/> (Verkry: 25 Maart 2023)]

*veerkragtigheid – die vermoë om vinnig van probleme te herstel
*op hande was – gaan spoedig gebeur

BRON B

Hierdie spotprent is op 8 Mei 1970 gepubliseer, geteken deur Don Wright van die *Miami News*. Die spotprenttekenaar lewer kommentaar op die skiet van anti-oorlog betogers by Kent State Universiteit in 1970. Die figuur op regs is "Uncle Sam", dit wil sê, die VSA.



Hulle het ons met klippe en stokke aangeval. Wat anders kon ons doen?

[Aanlyn beskikbaar: <https://twitter.com/DerfBackderf/status/1300862205580238849> (Verkry 20 Maart 2023)]

IEB Copyright © 2024

BRON C

Hierdie uittreksel het in 2007 in die SLATE aanlyn nuus- en kultuurtydskrif verskyn en is geskryf deur Gideon Rose, 'n voormalige redakteur van die *Foreign Affairs*-tydskrif en 'n lid van die Raad vir Buitelandse Betrekkinge.

Richard Nixon en sy nasionale veiligheidsadviseur, Henry Kissinger, het in Januarie 1969 hul ampte aanvaar en besef dat deel van hul mandaat* was om die oorlog op een of ander manier te beëindig, en hulle wou dit ook vir hul eie geopolitiese* redes doen … Teen laat 1969 het die Nixon-span op 'n nuwe benadering besluit, wat geleidelike onttrekking, tydelike beskerming van die Suid-Viëtnamese president Nguyen Van Thieu se regime, en intense diplomasie gekombineer het om hierdie elemente in 'n onderhandelde skikking te verskans … Die Nixon-administrasie se flankeerdery met die Noorde se sleutel-beskermhere* het intussen vrugte afgewerp, aangesien Rusland en China probeer het om die vlamme te blus eerder as om dit aan te blaas. **(Paragraaf 1)**

Onderhandelinge het dus begin vorder, en teen middel-Oktober het Kissinger en sy Noord-Viëtnamese ampsgenoot 'n konsepooreenkoms uitgewerk wat gevra het vir die onttrekking van die oorblywende Amerikaanse troepe en die terugkeer van Amerikaanse krygsgevangenes ... hulle [VSA] het 'n massiewe vinnige invloei* van hulp aan die Suide versoek en volgehoue steun belowe nadat die ooreenkoms onderteken is. Intussen het hulle verwoestende lugaanvalle uitgevoer in 'n poging om die Noord-Viëtnamese terug by die onderhandelingstafel te kry. Die "Kersfeesbomaanval" het daarin geslaag om Hanoi se instemming* af te dwing … **(Paragraaf 2)**

… Dit is waar dat die Kongres Amerikaanse bedrywighede ingekort het en hulp aan die Suide besnoei het, en hierdie skuiwe het inderdaad die uiteindelike Noordelike oorwinning gefasiliteer. …, in Junie 1973 het die Kongres beveel dat alle Amerikaanse militêre operasies in Indochina teen die einde van die somer gestaak moes word, … Die Kongres het ook Amerikaanse hulp aan Saigon van ongeveer $2.3 miljard in 1973 tot ongeveer $1 miljard in 1974, en daarna nog verder, gesnoei. ... Teen laat 1974 het die Noord-Viëtnamese leierskap ... 'n veldtog geloods om die oorlog eens en vir altyd te wen. Hul aanvanklike oorwinnings in die lente van 1975 het maklik gekom … (**Paragraaf 3)**

[Aangepas van*: How Vietnam Really Ended Events abroad—not domestic anti-war activism—brought the war to an end,* Gideon Rose*.* 2007. Aanlyn beskikbaar: <https://slate.com/news-and-politics/2007/01/how-the-vietnam-war-really-ended.html> (Verkry 20 Maart 2023)]

*mandaat – die opdrag wat aan hulle gegee word, hul taak of missie
*geopolities – verwys na hoe geografiese en politieke faktore met mekaar in wisselwerking tree om die verhoudings tussen verskillende lande te bepaal
*Noorde se sleutel-beskermhere – Noord-Viëtnam se vernaamste politici
*invloei – om iets ekstra tot die situasie by te voeg
*Hanoi se instemming – Noord-Viëtnam se ooreenkoms

IEB Copyright © 2024

BRON D

Hierdie foto is in 1970 geneem deur Paul Thomas (*Seattle Post-Intelligencer*) in Seattle, VSA. Duisende betogende studente van die Universiteit van Washington en fakulteitslede het Interstate 5 vir byna 'n uur geblokkeer terwyl hulle na 'n saamtrek by die Amerikaanse hofgebou in die middestad opgeruk het. Sowat 30 regering-soldate in oproeruitrusting het die skare se opmars by die Roanake-wisselaar gestuit.



[Aanlyn beskikbaar: <https://digitalcollections.lib.washington.edu/digital/collection/imlsmohai/id/1614> (Verkry 20 Maart 2023)]

BRON E

Hierdie is 'n uittreksel geskryf deur 'n historikus oor die impak van protesaksie op president Nixon en die soldate wat in 1970 in Viëtnam geveg het.

… In die nasleep van Kent State het president Nixon taktiese maatreëls getref om die betogers te paai*. Hy het invalle* in Kambodja tot nie meer as 35 kilometer binne die grens beperk. Hy het ook die veldtog tot 'n maksimum van twee maande beperk. Niks hiervan kon egter daarin slaag om die gekombineerde woede en malaise* wat deur Amerikaanse gemeenskappe gevloei het, aan te spreek nie. Dit het die Amerikaanse weermag self aangetas. Gedurende daardie Mei het meer as 500 Amerikaanse soldate daagliks gedros. In Suid-Viëtnam het al die troepe van sommige eenhede van die Amerikaanse weermag in opstand gekom, en direkte bevele om Kambodja binne te val, verontagsaam. Baie soldate het geïmproviseerde swart armbande aan hul gevegsuniforms geheg, tekens van rou vir die studente-slagoffers, en party troepe het botweg verklaar dat hulle van voorneme was om nie meer gevegsbevele in Viëtnam te gehoorsaam nie …

[Aangepas van: *The Real History of the Vietnam War.* Alan Axelrod. Sterling Publishing. 2013. Bladsy 259.]

*paai – optrede wat mense minder vyandig maak
*invalle – gewoonlik onverwagse aanvalle van buite die grense
*malaise – 'n gevoel van ongemak of onrus

IEB Copyright © 2024

BRON F

Hierdie uittreksel kom uit die inleiding tot 'n navorsingsversameling wat deur die Universiteit van Pennsilvanië uit bronne van die Lyndon Baines Johnson-biblioteek in Austin, Texas, VSA saamgestel is. Die algemene redakteur was William Leuchtenburg.

… Martin Luther King Jr. het 'n prominente rol in die anti-oorlogbeweging gespeel. In April 1967 het hy 'n opmars van meer as 100 000 mense vanaf Central Park in New York na die Verenigde Nasies se hoofkwartier gelei ... Vooraanstaande nuusverslaggewers en televisiekommentators het hul sienings oor Amerika se beleid in Viëtnam bekend gemaak, en die gerespekteerde *New York Times* het gedurende 1967 begin om vir 'n staking van die bombardement en die begin van vredesonderhandelinge te vra ... wetgewers het hul politieke toekoms op die spel geplaas deur president Johnson se Viëtnam-beleid teen te staan ... die standpunt van senator J. William Fulbright was veral belangrik. In 1964 … het hy sy ontevredenheid met die president se beleid getoon deur indringende bevraagtekening van administrasie-raadgewers.

… In die Johnson-administrasie* self was daar 'n groeiende onderstroming van twyfel … bedenkinge is gedeel deur mense soos adjunk-sekretaris van verdediging Paul Nitze en ondersekretaris van die lugmag Townsend Hoopes … In 1968 … het die sekretaris van verdediging McNamara, een van die mees invloedryke persone in die geskiedenis van die Viëtnam-oorlog, … vertroue in die Amerikaanse poging verloor en die president onder druk geplaas vir 'n onderhandelde skikking in die oorlog … die president het geswig voor die vredesbeskouings van verskeie van sy naaste raadgewers … President Johnson het aangekondig dat hy 'n beperking op die Amerikaanse troepe-verbintenis plaas terwyl die Suid-Viëtnamese voorberei het om hul eie verdediging oor te neem …

[Aangepas en aanlyn beskikbaar: RESEARCH COLLECTIONS IN AMERICAN POLITICS Microfilms from Major Archival and Manuscript Collections General Editor: William Leuchtenburg The Johnson Administration's Response to Anti-Vietnam War Activities <http://www.lexisnexis.com/documents/academic/upa_cis/16501_lbjadminanti-vietnamactspt1.pdf> (Verkry 20 Maart 2023)]

*administrasie – die uitvoerende tak van die regering: president en sy kabinetsekretarisse (ministers)

BRON G

Charles Kaiser het in 2023 die volgende geskryf as deel van 'n oorsig oor 'n nuwe dokumentêre film oor president Nixon en anti-oorlog-protes. Hy is 'n skrywer vir die aanlyn-publikasie: *The Guardian*.

… Die waarheid is, alhoewel die Viëtnam-betogings die gevare van die oproep tot krygsdiens* verminder het, is daar feitlik geen bewyse dat dit die oorlog verkort het nie. Toe Nixon sy amp aanvaar het, is 31 000 Amerikaners in Viëtnam doodgemaak, plus honderdduisende Viëtnamese. Teen die tyd dat die laaste Amerikaanse gevegstroepe in Maart 1973 onttrek het, twee maande nadat die oproep tot krygsdiens afgeskaf is, het 58 220 Amerikaanse soldate gesterf – plus sowat 2 miljoen Viëtnamese burgerlikes en 1,3 miljoen Viëtnamese soldate …

[Aangepas en aanlyn beskikbaar: <https://www.theguardian.com/world/2023/mar/27/vietnam-war-documentary-nixon-nuclear-weapons-pbs> (Verkry 20 Maart 2023)]

* Vanaf 1969 het president Nixon met 'n proses begin om die jaarlikse inname van Amerikaanse mans in die weermag te verlaag.

IEB Copyright © 2024

BRON H

Hierdie uittreksel toon 'n mening oor die rol van die media in die beëindiging van die Viëtnam-oorlog. Dit is geskryf deur Angie Dahm, 'n geleerde aan die McKendree Universiteit in die VSA.

… Geleerdes stem nie saam oor die mate waarin die media verantwoordelik was vir die ommeswaai in die openbare mening van een van steun tot een van intense verbale teenkanting teen Amerika se betrokkenheid in Viëtnam nie. Dit het ongetwyfeld 'n belangrike rol gespeel, maar in watter mate? … Bewyse dui daarop dat die pers daarvoor verantwoordelik was om die naakte, ongesensureerde waarheid aangaande oorlog aan die Amerikaanse publiek te openbaar. Namate nuusberigte al hoe meer negatief geword het, het die openbare mening die regering daartoe gedwing om troepe-ontplooiing af te skaal en gevolglik 'n aanpassing van Amerika se beleid in Viëtnam af te dwing …

[Aangepas en aanlyn beskikbaar: *Angie Dahm: The Media and Vietnam.* <https://www.mckendree.edu/academics/scholars/issue3/dahm.htm> (Verkry 25 Maart 2023)]

IEB Copyright © 2024